

BENODIGDHEDE: Tridalia Super Nr. 8-hekelgare (die hoeveelheid hang af van grootte van skinkbordlappie of looper wat gehel word); hekelpen van 1,25 mm.

MATE: die klein lappie is ongeveer 30 x 40 cm.

AFKORTINGS: gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; herh – herhaal; vlg – volgende; gp(e) – groep(e), 4lb in dieselfde st of sp; sp(s) – spasie(s); blk(s) – blokkie(s).
Spasie: begin met 1lb; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st op om sp te voltooi.
Blokkie: begin met 1lb; *1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.


SKINKBORDLAPPIE: begin met 75ks, 1lb in 9e ks vanaf hekelpen, *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st; herh tot einde – 23 sps. Kyk op diagram en hekel 2 keer van stippellyn A–B tot C–D. Knip gare af.

OMRANDING: **1e rondte:** *2kb in sp, 1ks* en 5kb in elke hoek-sp.
2e rondte: *1lb in 1ks-sp, 2ks* aan elke reguit kant van lappie, 12ks in elke hoek.
3e rondte: gs oor 1e sp, 4tr-gp in vlg sp, (2ks, slaan 1sp oor, 4lb-gp in vlg sp) 9 keer = 10 gpe, [1ks, slaan 1 sp oor, 1lb in lb, 2ks, 1lb in lb, 2ks, 1lb in lb, 1ks] – die deel tussen vierkante hake is die middel van een lang kant – 10 gpe in vlg sps en 16dsl in 12ks-hoekspasie; gs tot 1e lb.
4e rondte: begin met 4ks; (9 gpe in sps tussen gpe, 3dsl in elke dsl in middel van lang rand, 9 gpe, (1dsl in vlg dsl, 1ks) 15 keer plus 1dsl in laaste dsl in elke hoek; herh rondom; eindig met (1dsl in vlg dsl, 1ks) 15 keer.
5e rondte: 8 gpe in sps tussen gpe, (1dsl in dsl, 1ks) 8 keer plus 1dsl in laaste dsl in middel van lang rand, 8 gpe, (1dsl in vlg dsl, 2ks) 15 keer plus 1dsl in hoek; herh rondom.

Hekel so voort tot alle groepe weggehekel is; in elke rondte is daar 1 groep minder in elke driehoek en 1ks word tussen die dsl bygevoeg.


Wanneer die looper gehel word moet diagram gevolg word tot 115 rye vir middelstuk voltooi is (of so lank soos verlang). Begin die eerste motief in 3e ry, en hekel 4 rye filet-sps tussen elke twee motiewe.

Hekel die rand soos uiteengesit vir skinkbordlappie.



LOPER OF LAPPIE, DIT IS RAGFYN

DIAGRAM VIR SKINKBORDLAPPIE



SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ = spasie

⊗ = blokkie